

Algehele Vertoue





# Graan Ekonomie Barometer

Graan SA se graan barometer is 'n meningspeiling op die vertroue van graanprodusente wat die graan- en oliesadebedryf van Suid-Afrika het verteenwoordig.

Huidige Uitkyk





Korttermyn Vooruitsig





Met die 2026 somergraanoes byna verby het produsente vertroue gestyg met 9 basispunte, wat beteken dat meer produsente die maand voel dat hul vanjaar finansieel beter af is. Moontlike bydrae tot die ondersteuning is dat opbrengste en kwaliteit van die 2026 oes heelwat beter is as die 2025 seisoen, hoewel die toename in 'n positiewe huidige uitkyk verwelkom word, bly die fokus op die komende seisoen. Graan- en oliesaadprodusente bly steeds gebuk staan onder toenemende insetkoste en lae pryse. Die druk op produsente se sakke lei daartoe dat slegs 17% van deelnemers voel hul in 'n beter finansiele posisie sal wees met die volgende seisoen.
Dit is 'n afname van 9 basispunte sedert Februarie.

Langtermyn Vooruitsig




Beleggersvertroue






Die langtermyn vooruitsig meet hoeveel vertroue produsente het dat daar wel goeie tye vir landbou voorlê. Die vertroue het van 'n lae 16% verder gegly na slegs 13% van graanprodusente wat tans 'n positiewe oog op die toekoms hou. Met die swak uitkyk op graanproduksie se toekoms kom dit as geen skok dat minder produsente ook gemaklik voel om langer termyn beleggings te maak. Waar in Februarie 18% van produsente bereid was om in masjiene, geboue en grond te belê voel slegs 11% van deelnemers dat hul dit nou kan waag.

# Graan Barometer

**Is u van mening dat u bedrywighede finansieel beter af is as 'n jaar gelede?**

Huidige Uitkyk









Hierdie vraag bepaal of produsente se finansiële posisies jaarliks verbeter, wat dui op die gesondheid van die graan- en oliesaadbedryf.

# Graan Barometer

**Dink u dat u bedrywighede oor 'n jaar finansïeel beter af sal wees?**

Korttermyn Vooruitsig









Hierdie vraag bepaal of produsente van mening is dat hul finansiële posisie in die komende jaar kan verbeter. Die vraag bepaal die finansiële haalbaarheid van produsente om in die volgende seisoen met boerdery voort te gaan.

# Graan Barometer

**As u vorentoe kyk, dink u daar lê goeie of swaar jare voor vir Suid-Afrikaanse graanprodusente?**








Hierdie vraag bepaal of produsente vol vertroue is dat hulle in die toekoms winsgewend sal kan voortgaan om te produseer.

# Graan Barometer

**Dink u dit sal nou 'n goeie tyd wees om groot plaasbeleggings soos masjinerie en geboue te maak?**




Hierdie vraag bepaal of produsente bereid is om terug in hul eie ondernemings te belê.